

Bespreking/Discussion

Enkele kritiese opmerkings oor Lulu Harley se voorgestelde wysigings aan Wolf Schmid se kommunikasiemodel

In *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 3 (1) stel Lulu Harley bepaalde wysigings aan die bekende kommunikasiemodel van Wolf Schmid voor. Ek sou graag op my beurt bepaalde wysigings aan haar model wou voorstel om sodoende hierdie gesprek verder te voer.

Ek sal vervolgens – met 'n uiteensetting van my redes – aandui in watter opsigte ek van Harley verskil. Ek sal ook my eie gewysigde model aanbied en dit a) illustreer aan die hand van Hans du Plessis se kort roman *Grensgeval*, en b) dit in verband bring met die kommunikasiemodel soos voorgestel deur George Weideman in *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 4 (2).

Harley (1987: 62) gaan m.i. tereg van die standpunt uit dat *geïmpliseerde* en *abstrakte skrywer* nie geskei behoort te word nie op grond van die feit dat dit juis dié skrywer is wat homself as't ware in die teks ingeskryf het, wat deur die leser uit die teks gehaal word. In hierdie opsig is haar voorgestelde model dus 'n verbetering op bestaande modelle wat *geïmpliseerde* en *abstrakte skrywer* as twee afsonderlike entiteite beskou. Terwyl Harley egter die term *abstrakte outeur* behou, verkies ek *geïmpliseerde skrywer*, enersyds omdat dit meer korrek die feit weergee dat dit die téks is wat hierdie skrywer impliseer, en andersyds omdat dit die logiese teenpool vorm van die *geïmpliseerde leser*. Aangesien 'n mens egter ook sou kon redeneer dat die term *abstrakte skrywer* hierdie instansie meer doeltreffend onderskei van die *konkrete skrywer* maak ek in die verduideliking van my model voorsiening vir 'n keuse tussen hierdie twee terme.

Sy verwys verder na die maker van die nie-fiktiewe teks as *digter* (a.w.: 61). Ek sou hier *skrywer* verkies, bloot omdat die woord *digter* in Afrikaans (anders as in Duits, waarop Harley vir haar term steun) meesal uitsluitend met die poësie in verband gebring word. Ek meen verder dat dié die suiwer Afrikaanse term is.

Sy gaan tereg van die standpunt uit dat die *konkrete skrywer* twee aspekte het. Sy noem hulle a) die *digterspersoonlikheid* (KD, d.w.s. *konkrete digter*), wat sy presiseer as “die konkrete persoon in sy rol as skeppende kunstenaar”, en b) die *wesenspersoonlikheid* (KP, d.w.s. *konkrete persoon*), die “konkrete persoon in sy rol as ‘gewone’ wese” en “die reële historiese persoon in sy totaliteit” (a.w.: 63).

Ek sou die term *digterspersoonlikheid* (KP/KD) wou vervang met *skrywer as skrywer* (Ss) (d.w.s. die Hans du Plessis, wat *Grensgeval* geskryf het, in sy skrywershoedanigheid), en *wesenspersoonlikheid* (KP) met *skrywer as mens* (d.w.s. Du Plessis in sy hoedanigheid as taalkundedosent aan die PU vir CHO (prof. H.G.W. du Plessis), as taalnavorsers in SWA/Namibië en les bes as eggenoot en vader).

Die term *historiese persoon*, wat volgens Harley se diagram (66) die vorige twee aspekte omvat, sou ek met *konkrete skrywer* (kS) wou vervang. Die

term dui dan op prof. Hans du Plessis wat op Potchefstroom woon, taaldosent en taalnavorsers is en wat ook fiksie skryf. Ek meen in die eerste plek dat ons in die literêre gesprek slegs in Hans du Plessis belangstel (ook as persoon) omdat hy skrywer van fiksie is. Die term *skrywer* moet dus in al drie gevalle voorkom en moet telkens die klem kry; derhalwe my gebruik van die hoofletter. Hierdie feit kom nie uit Harley se terme duidelik na vore nie. Haar terme onderskei m.i. ook nie voldoende tussen die *skrywer* as "gewone persoon" as slegs een aspek van die "historiese persoon" nie.

Ek meen dat my terme dit duideliker maak dat dit in die literêre gesprek nooit gaan net om die historiese persoon nie, maar altyd om die *skrywer* in sy konkrete verskyningsvorm. Hulle maak dit ook duidelik dat die *konkrete skrywer* twee aspekte het wat *gedurig* in wisselwerking met mekaar verkeer; dus teoreties van mekaar geskei kan word, maar prakties onskeibaar is. Selfs wanneer prof. H.G.W. (Hans) du Plessis besig is om taalkunde te doseer of om taalnavorsing in SWA/Namibië te doen, is daar 'n gedurige osmose aan die gang tussen *skrywer* en *mens*. Anders sou *Grensgeval* met sy sterk taalontginnende inslag waarskynlik nie tot stand gekom het nie.

Ek meen voorts Harley (a.w.: 61) se omskrywing van *wesenspersoonlikheid* as "die reële historiese persoon in sy totaliteit (my kursivering – I.v.Z.)" suggereer duidelik dat die *digterspersoonlikheid* eintlik nie los te maak is van die *wesenspersoonlikheid* nie.

Hoewel sy die term *konkrete outeur* in haar teks gebruik (a.w.: 61), wat daarop dui dat sy behoefte aan hierdie term naas die ander voorgestelde terme het, kom dit nie in haar diagram voor nie. Sy gebruik tewens ook die term as sinoniem vir *digterspersoonlikheid* (vgl. a.w.: 61). Hierdeur skei sy m.i. verkeerdelik die *skrywer* as *mens* van die *konkrete skrywer* as totaliteit wat sowel die *skrywer* as *skrywer* as die *skrywer* as *mens* omvat.

Ek kom vervolgens by haar gebruik van die terme *verhaalteks* (as sowel *erzählte Welt* (d.w.s. vertelde wêreld – I.v.Z.), as *daargestelde wêreld* van die verhaal – a.w.: 61) en *gepubliseerde boek-as-teks* (ook genoem *literêre werk* – in die diagram op a.w.: 66). Die *boek-as-teks* omvat – volgens haar – twee tekste, t.w. die *verhaalteks* (a.w.: 63).

Sy maak 'n verskil tussen lg. en *outeursteks* omdat "die betrokke teks" (d.w.s. die *skrywersteks* – I.v.Z.) volgens haar "juis nie in die eerste plek met die historiese persoon in sy rol as 'maker' of 'digter' in verband gebring moet word nie" (a.w.: 63). Hierdie verwarrende stelling spruit m.i. weer eens uit die feit dat sy die *skrywer* as *mens* (Sm) skei van die *konkrete skrywer* as totaliteit. Dit is tog immers die *konkrete skrywer* as *skrywer* (Ss) wat verantwoordelik is vir die aanbring van die titel, 'n skuilnaam indien verlang, goedkeuring van die stofomslagontwerp, ens.

Dit is m.a.w. Hans du Plessis in sy *hoedanigheid* as *skrywer* van *Grensgeval* wat hierdie dinge doen en nie prof. H.G.W. (Hans) du Plessis in sy *hoedanigheid* as taalkunddosent of taalnavorsers nie. Dit kom – weer eens – daarop neer dat dit steeds die *skrywer* as totaliteit is wat van belang is vir die literêre gesprek. Dit is m.i. beslis ook Hans du Plessis as *skrywer*, en nie – sê nou maar – Hans du Plessis as eggenoot en vader, wat verantwoordelik is vir die motto: "Wat hierin waar lyk, is eintlik fiksie; wat na fiksie lyk, eintlik waar.

Logies is dit dan ware fiksie – as logika logies was”. Dit is ook hy wat verantwoordelik is vir die kaart van “Namibië” wat die vertelde wêreld voorafgaan. Du Plessis gee die kaart nie om te toon waar hy taalnavoring gedoen het nie, maar om te wys waar sy (d.w.s. die skrywer se) vertelde wêreld afspeel.

Hieruit blyk dat ek die terme *vertelde wêreld* en *daargestelde wêreld* ook anders as Harley wil gebruik. Waar hulle vir haar een en dieselfde ding is, meen ek dat die *vertelde wêreld* slegs 'n onderdeel van die *daargestelde wêreld* is. Ek meen dat die *skrywerstek*s (wat ek net soos sy gebruik en wat m.i. dieselfde as *outeurstek*s is) deel vorm van die totale *daargestelde wêreld*. Die *geïmpliseerde skrywer* is nl. verantwoordelik vir sowel die *daargestelde wêreld* as vir die *vertelde wêreld* as onderdeel van e.g. Dit spruit uit die feit dat die *geïmpliseerde skrywer* sowel teksstrukturende en teksorganiserende as ideologiebepalende instansie is.

In haar terme sou ek dus *verhaalt*eks en *erzähl*te Welt aan mekaar gelykstel as onderdele van *gepubliseerde boek-as-teks* of *literêre werk*. *Daargestelde wêreld* sou ek dan aan lg. gelykstel. Die term *daarstel* beteken m.i. dieselfde as skep (vgl. die Duits *darstellen*), en titel, goedgekeurde stofomslag, motto's, ens. is alles deel van die *skrywer as skrywer* (as faset van die *konkrete skrywer*) se skeppende handeling. Hiervolgens bly Harley se *skrywerstek*s steeds teks by 'n bestaande teks, soos sy dit stel (a.w.: 63). Albei hierdie tekste is egter na my mening – anders as by haar – deel van die skrywer se globale skeppende handeling.

Die skrywersaspek van die *konkrete skrywer* is verantwoordelik vir die dubbele skryfaksie, terwyl Harley se diagram (a.w.: 64) aandui dat die *wesenspersoonlikheid*, d.w.s. my *skrywer as mens* (wat die *digterspersoonlikheid*, d.w.s. my *skrywer as skrywer* uitsluit) alléén vir die *skrywerstek*s verantwoordelik is.

Hierdie siening los ook Harley se probleem, wat sy so stel, op: “Daar moet (...) beweer word dat die *skrywerstek*s en wat daaruit geabstraheer kan word, na die empiriese werklikheid van die *wesenspersoonlikheid* (my *skrywer as mens* – I.v.Z.) verwys. In hierdie besondere sin moet die *skrywerstek*s dus beskou word as nie-fiktief” (a.w.: 63).

Anders as Harley plaas ek die *konkrete skrywer as totaliteit* binne die empiriese werklikheid. 'n Mens moet onthou dat die teks as *daargestelde* én as *vertelde wêreld* binne die empiriese werklikheid bestaan (dit is 'n geval van wêrelde binne wêrelde), en dat daar gedurig 'n osmose tussen al hierdie wêrelde bestaan. Geen teks kán dus ooit – volgens watter paradigma ook al – ten volle outonoom wees nie.

Wanneer Harley sê dat besonderhede m.b.t. die kopiereg en publikasiedatum ook deel van die *skrywerstek*s vorm (a.w.: 63), wil ek ook van haar verskil. Dit moet waarskynlik as *uitgewerstek*s beskou word en vorm nie deel van die skeppende handeling nie. Ek wil Harley gelykgee dat dit nie die uitgewer is wat *bepaal* (my kursivering – I.v.Z.) dat 'n bepaalde werk in 1985 verskyn het en nie in 1927 nie (vgl. a.w.: 63). Dit is egter wél die uitgewer wat *aandui* dat hierdie besonderhede *gedruk* moet word.

Dit is m.i. ook die feit dat haar *vertelde wêreld* en *daargestelde wêreld* aan

mekaar gelykstel word wat lei tot haar volgende probleem: “Elke skrywersteks as deel van die boek-as-teks (my *daargestelde wêreld* – I.v.Z.) bevat (...) tekseksterne gegewens”, wat ek sien as gegewens wat ekstern slegs aan die *vertelde wêreld* is. Sy noem o.m. die inhoudsopgawe en hoofstukverdelings hier (vgl. a.w.: 63). Myns insiens is dit die *geïmpliseerde skrywer* as teksorganiserende instansie wat hiervoor verantwoordelik is, terwyl die osmose tussen die *konkrete skrywer as skrywer* en die *geïmpliseerde skrywer* hier duidelik blyk. As die nie-outonomie van die teks en van elke onderdeel daarvan, wat spruit uit die osmose tussen al die tekselemente en die verskillende “wêreld” van die teks, as beginsel aanvaar word, verdwyn haar probleme m.i. ook. Hierdie beginsel sluit aan by die feit dat elke literêre werk samehang vertoon.

Dit lyk of sy die noodsaaklikheid van ’n onderskeiding tussen *vertelde* en *daargestelde wêreld* aanvoel wanneer sy die volgende stelling maak: “Skrywersteks is afhanklik van verhaaltteks (my *vertelde wêreld* – I.v.Z.), maar hoewel albei deel vorm van die epiese boekwêreld (waarskynlik my *daargestelde wêreld*), is hulle onderskeibaar (a.w.: 64). Die verskil tussen ons sienings hier is dat ek wel die *skrywersteks* as deel van die *daargestelde wêreld*, maar die *vertelde wêreld* as afsonderlike wêreld *binne* die *daargestelde wêreld* beskou.

Harley vermoed wel die osmose tussen *konkrete* en *geïmpliseerde skrywer* (skepper van die *skrywersteks* binne die *daargestelde wêreld*) wanneer sy sê: “Iets van die resultaat van die werksaamheid van die digterspersoonlikheid kan dus uit die skrywersteks afgelees word. Dit lyk asof daar in die skrywersteks ’n dubbele gerigtheid (my *osmose* – I.v.Z.) waarneembaar is: na die empiriese en die verhaalwerklikheid” (a.w.: 64). Sy sê verder: “Daar is m.i. ’n belangrike afleiding wat gemaak moet word, nl. *dat die skrywersteks die versoening of oorgang bewerkstellig tussen die wêreld van die boek-as-teks (my daargestelde wêreld – I.v.Z.) en dié van die ‘mens agter die boek’ (my skrywer as mens as deel van die konkrete skrywer – I.v.Z.)*” (a.w.: 64).

Ek sou verder die *daargestelde wêreld* (of *teks*) plaas binne ’n *geïmpliseerde wêreld* wat die *geïmpliseerde skrywer* insluit en dus nie deel van lg. se skeppende handeling is nie. Sowel *geïmpliseerde wêreld* as *geïmpliseerde skrywer* is die gevolg van die skeppende handeling van die *konkrete skrywer*. Hans du Plessis as *konkrete skrywer* is dus verantwoordelik vir, of skep vir homself ’n masker in die vorm van, die *geïmpliseerde skrywer* van (die taalontginnende) *Grensgeval*, wat vanuit die *geïmpliseerde wêreld* van die taalkundige en die taalnavorsers skryf.


Wanneer sy aan die *abstrakte outeur* (my *geïmpliseerde skrywer*) ook ’n nie-fiktiewe aspek toeskryf, kan ek nie met Harley saamstem nie. Nadat sy beweer het dat die *skrywersteks* nie aan die *konkrete outeur* toegeskryf kan word nie, omdat dit nie-fiktief is, skryf sy dit toe (64) aan die *abstrakte outeur* as “spieëlbeeld van die konkrete persoon”. Haar *abstrakte outeur* het ook (soos haar *historiese persoon* – my *konkrete skrywer*) ’n *digters- én ’n wesenspersoonlikheid*. Dit is dan die *wesenspersoonlikheid* van die *abstrakte outeur* wat vir die *skrywersteks* verantwoordelik is.

Die “*abstrakte outeur*” is *in sy totaliteit* ’n abstrakte instansie wat nie ook

konkreet kan wees nie. Hierdie probleem kom weer na vore wanneer Harley in haar diagram (64) onderskei tussen *abstrakte outeur as "digter"* en *abstrakte outeur as "persoon"/"self"*. Wat word nou van die onderskeiding tussen *konkrete* en *abstrakte skrywer*? 'n Mens moet onthou dat die "*abstrakte outeur*" **geskep is juis omdat** dit nie noodwendig 'n spieëlbeeld van die *konkrete skrywer* is nie. Lg. kan natuurlik nooit *heeltemal* van die teks losgemaak word nie. Hy is nie in die werk self vervat nie en kan ook sonder die werk bestaan. As egter aanvaar word dat die werk 'n teken is, sou dit kortsigtig wees om die sender (dus die *konkrete skrywer*) volledig van die teken (die werk) af te skei (vgl. Schmid 1973: 23).

Soos in die *konkrete skrywer*, sien ek 'n dualiteit in die *konkrete leser*. Lg. omvat nl. die *leser as mens* (wat besig is om te bad) en die *leser as leser* (wat besig is om te lees). Die *leser as leser* is soms gewillig om die opvatting van die *leser as mens* op te skort terwyl hy lees.

'n Mens sou nou die volgende diagrammatiese voorstelling kon maak:



Verduideliking: Dubbelpunte dui op die *skeppende handeling*; # # dui op 'n *osmose* of 'n *korrelasie*; → dui op 'n *proses* van *afleiding*; 1W(b)=letterkundige werk as boek in sy *konkrete verskyningsvorm*; iWê=*geïmpliseerde wêreld*, d.w.s. die wêreld (Christelik, nie-Christelik, taalkundig, ens. waaruit die *geïmpliseerde skrywer* skryf); dWê(t)=*daargestelde wêreld*, d.w.s. die werk as teks; St=*skrywerstek* (titel, motto's, epiloog, ens.); vWê=*vertelde wêreld*; *personeteks* omvat dialoog en vertelling deur *personasie(s)*; kS=*konkrete skrywer*; lg. het twee aspekte: Sm (die kS as *mens*, en Ss (die kS

as *skrywer*). (Tussen lg. twee is daar 'n gedurige osmose deurdat die Sm indrukke versamel, wat dan deur die Ss in die dWê(t) 'n neerslag vind); iS=*geïmpliseerde (abstrakte) skrywer*. (Tussen kS en iS is daar 'n osmose vir sover eg. in die werk tot uitdrukking kom); V=*verteller*; P=*personasie(s)*; fL=*fiktiewe leser*; iL=*geïmpliseerde leser*, (d.w.s. die leser soos deur die werk in die vooruitsig gestel); kL=*konkrete leser*; lg. het twee aspekte: die Lm (die kL as *mens*) en die Ll (die kL as *leser*); die Ll lei die iS uit die dWê af en kan met die Lm korreleer, maar hoef dit nie noodwendig te doen nie, omdat die kL soms gewillig is om sy opvatting as mens op te skort terwyl hy lees. Die dWê(t) word deur die kS aan die kL gerig. Die kL korreleer in mindere of meerdere mate met die iL, na gelang van die effektiwiteit van die kS (as *sender* van die teks as *boodskap*) se skeppende handeling, én die kL (as *ontvanger*) se leeshandeling. Daar moet onthou word dat elke reghoek inbegrepe is in 'n groter reghoek.

Dié model sluit aan by Weideman (1988) se motivering vir sy wysiging van die Jakobson-model. Die aangeduide proses van osmose sluit aan by Weideman (1988: 157) se "vrylopende interaksie en assosiasie". Aan sy eis dat ook vir "ideologie" voorsiening gemaak moet word, word voldoen deur my aangeduide osmose tussen empiriese werklikheid, *geïmpliseerde wêreld* en *daargestelde wêreld* (a.w.: 157). Dat die teks "ideologies onvry" is (a.w.: 157 + 160), word geïmpliseer deur my aanname dat 'n teks vanuit 'n bepaalde *geïmpliseerde* (lees ook *ideologiese*) *wêreld* geskryf word.

Verwysings

- Du Plessis, Hans. 1985. *Grensgeval*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Harley, Lulu. 1987. Wolf Schmid se kommunikasiemodel as basis vir die dualiteitsbegrip: abstrakte outeur as wesens- en digterspersoonlikheid. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 3 (1): 60–70.
- Schmid, Wolf. 1973. *Der Textaufbau in den Erzählungen Dostoevskijs*. München: Fink.
- Weideman, George, 1988. Teksrelasies: Pleidooi vir 'n gemeenskapsrelevante benadering in literatuurwetenskap en -praktyk. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 4 (2): 146–166.

Ia van Zyl, Universiteit van Namibië